

Vorm 1A

Aansoek by die gemeente om toegelaat te word tot teologiese studies met die doel om predikant te word in die NG Kerk

1. Agtergrond

Die doel van hierdie aansoek is om die aansoeker en die kerk die geleentheid te gee om saam die roeping van die voorgenome kandidaat te toets. In hierdie eerste fase van die proses, sal die predikant (wat ook later as mentor van die suksesvolle kandidaat gaan optree) 'n aanbeveling na die kommissie vir predikantebegeleiding van die ring maak. Die kommissie van die ring neem 'n besluit en maak 'n aanbeveling na die betrokke Kuratorium of verwys die kandidaat vir verdere ontwikkeling en toetsing.

Hierdie vorm moet voltooi word deur alle persone wat navraag doen oor die moontlikheid om opgelei te word as predikant binne die NG Kerkfamilie. Aansoekers moet asseblief in gedagte hou dat hierdie vorm generies is vir alle aansoekers. Daar mag dus inligting wees wat nie relevant is tot jou spesifieke navraag of aansoek nie. Voltooi die vorms so volledig moontlik. Hierdie dokumentasie dien as gespreksdokument en word later, indien aanbeveel, na die kuratorium van die kerk wat finaal besluit oor toelating al dan nie, aangestuur.

Neem asseblief kennis:

- Hierdie is, binne die A-Z-beleid aangaande predikante, soos deur sy Algemene Sinode goedgekeur, die eerste stap wat alle voornemende teologiese kandidate wat as bedienaars van die Woord in die NG Kerk gelegitimeer wil word, moet volg alvorens hulle tot teologiese studies toegelaat word.
- Die voornemende aansoeker moet minstens ses maande lidmaat wees van die betrokke gemeente waar hy of sy aansoek doen.
- Na die aanvanklike proses by jou plaaslike predikant deurloop is, verwys die betrokke predikant jou na die ring se kommissie vir predikantebegeleiding.
- Die betrokke kuratorium van die NG Kerk neem die finale besluit of 'n kandidaat geskik is om toegelaat te word vir teologiese studies met die oog op legitimasie binne die NG Kerk.
- Heg gesertifiseerde afskrifte van alle toepaslike dokumente aan. Moet geen oorspronklike dokumente saamstuur nie.

2. Aansoekvorm van die kandidaat aan die gemeente om toegelaat te word tot teologiese studies met die doel om predikant te word in die NG Kerk.

Hierdie gedeelte moet deur die predikant van die gemeente waar die aansoeker aanmeld voltooi word:

Vorm 1A (vervolg)

Gemeente waar aansoek ingedien is		
Adres		
Predikant by wie aansoek ingedien is		
Kontakbesonderhede van predikant:	Tel	
	Sel	
	E-pos	
Datum ingedien		

Agtergrondinligting van aansoeker. (Voltooi afdelings 2.1 tot 2.8 volledig)

2.1 Persoonlike inligting

Naam			
Van			
ID		Geboortedatum	
Woonadres			
Posadres			
Tel		Sel	
E-pos		Faks	

2.2 Verwysings

1.	Naam			
	Van			
	Adres			
	Hoe lank ken jy die persoon?			
	Tel		Sel	
	E-pos		Faks	
2.	Naam			
	Van			
	Adres			
	Hoe lank ken jy die persoon?			
	Tel		Sel	
	E-pos		Faks	
3.	Naam			
	Van			
	Adres			
	Hoe lank ken jy die persoon?			
	Tel		Sel	
	E-pos		Faks	

2.3 Gesinsbesonderhede

Huwelikstatus	
Naam van eggenoot	
Van	
Adres	
Name van kind(ers)	
Ander afhanklikes	

2.4 Akademiese inligting

Hoogste akademiese kwalifikasie		Jaar voltooi	
Waar verwerf			
Naam van hoërskool		Jaar	
Ander kwalifikasies			
Waar verwerf		Jaar	
Ander kwalifikasies			
Waar verwerf		Jaar	
Ander kwalifikasies			
Waar verwerf		Jaar	

2.5 Werksgeskiedenis

Huidige werkgewer		Jaar aangesluit	
Pos			
Vorige werkgewer		Jaar verlaat met redes	
Pos bekle			

2.6 Kerklike betrokkenheid

Jaar van belydenis-aflegging	
Gemeente	
Gemeente waar bewys van lidmaatskap is	
Wanneer aangesluit by huidige gemeente	
Betrokkenheid by huidige gemeente	

2.7 Gemeenskapsbetrokkenheid

2.8 Vrae wat deur die predikant met jou in behandeling geneem gaan word.

Gebruik aparte papier om hierdie afdeling te beantwoord. Die vrae moet verkieslik gedruk wees in A4-formaat en nie langer as 'n halwe bladsy per antwoord nie.

1. Beskryf jousef as persoon.
2. Verduidelik kortliks die doel van jou aanmelding. Waarom wil jy opgelei word as predikant van die kerk?
3. Gee 'n verduideliking van jou geloofsoortuiging met verwysing na Jesus Christus, die Heilige Gees en die Vader.
4. Wat beteken dit vir jou om lidmaat van die NG Kerk te wees?
5. Beskryf hoe jy jou eie spiritualiteit beleef en hoe jy dit beoefen.
6. Wat verwag jy van die bediening? Watter aspekte van gemeentewerk maak jou opgewonde? Waarvoor sien jy nie kans nie?
7. Wat doen jy om jousef geestelik, emosioneel en fisies in goeie gesondheid te hou? Hoe neem jy verantwoordelikheid vir jou selfsorg?
8. Watter stokperdjies beoefen jy en wat besorg tans aan jou die grootste bevrediging?
9. Hoe wil jy jou studies finansier?
10. Hoe verstaan jy die begrip "roeping"?

.....
Handtekening

.....
Datum

Vorm 1B

Aansoek by die ring om toegelaat te word tot teologiese studies

Hierdie gedeelte moet deur die ring se kommissie vir predikantebegeleiding voltooi word.

1. Ontvangs en hantering van aansoek

Ring waar aansoek ingedien is	
Naam van predikant van die ring se kommissie vir predikantebegeleiding wat die aansoek voltooi het	
Tel	
Sel	
E-pos	
Adres	
Voorsitter van ring	
Tel	
Sel	
E-pos	
Datum ontvang	

2. Vrae wat deur die predikant van die ring se kommissie vir predikante-begeleiding met die aansoeker hanteer moet word.

Die antwoorde op die volgende 10 vrae moet verstrek word na gesprek met die aansoeker. Gebruik hoogstens 'n halwe A4-bladsy per antwoord. Die antwoord moet in A4-formaat gedruk wees en saam met al die dokumentasie na die kuratorium gestuur word.

- 2.1 Watter persoonlike kwaliteite van 'n lewendig verhouding met God die Vader deur Jesus Christus is by die kandidaat teenwoordig?
- 2.2 Hoe kom die kandidaat se geloof tot uitdrukking binne die geloofs-gemeenskap?
- 2.3 Wat is volgens u waarneming die dryfveer agter die aansoeker se roeping? In watter mate toon die aansoeker begrip vir sy of haar roeping?
- 2.4 Watter gawes en talente is duidelik sigbaar by die kandidaat wat hom of haar geskik maak vir die bediening?
- 2.5 Wat is die vlak van die kandidaat se akademiese vermoë? Beskik die kandidaat oor ooglopende akademiese vaardighede of tekorte?
- 2.6 Beskryf die kandidaat se psigiese gesondheid. Is daar ooglopende liggaamlike ongesteldheid?
- 2.7 Beskryf die kandidaat se emosionele welstand.
- 2.8 Wat kan u aflei van die kandidaat se selfdisipline?
- 2.9 Hoe beplan die kandidaat om vir sy of haar finansiële verpligtinge voorsiening te maak?
- 2.10 Kan u met vrymoedigheid aanbeveel dat die kandidaat as predikant binne die NG Kerkfamilie opgelei word?

3. Ring se aanbeveling aan die kuratorium oor die aansoek

Naam van predikant van die ring se kommissie vir predikante-begeleiding wat die vrae met die kandidaat hanteer het	
Tel	
Sel	
E-pos	
Datum van gesprek met aansoeker	
Aanbeveling na die ring	
Datum van vergadering	
Algemene opmerkings	
Is kopieë van alle dokumentasie op lêer geplaas?	
Is die aansoeker ingelig oor die proses tot op hede?	

.....

Handtekening van voorsitter

.....

Datum

4. Predikant

Die predikant wat die aansoek hanteer voltooi hierdie gedeelte.

Datum van gesprek met aansoeker	
Aanbeveling van kerkraad	
Besluit deur kerkraad	
Datum van kerkraadsvergadering	
Algemene opmerkings	
Is kopieë van alle dokumentasie op lêer geplaas?	
Is die aansoeker ingelig oor die proses tot op hede?	

.....

Handtekening van predikant

.....

Datum

Vorm 1C

Voornemende teologiese student se verklaring en verbintenisse

Hierdie verklaring (volgens die A-Z-beleid aangaande predikante van die NG Kerk afdelings 4.3.2.6 en 4.3.4) moet deur die kandidaat onderteken word by finale keuring en saam met die ander dokumentasie deur ring by die kuratorium ingehandig word.

Ek _____ verklaar hiermee dat ek op hoogte is van die kerk se beleid ten opsigte van predikantebegeleiding soos verwoord in die A-Z-beleid aangaande predikante van die NG kerk. Ek verbind my tot die NG Kerk se verstaan van die beroep van die predikant soos in die beleid van die Algemene Sinode uitgedruk. Ek lê my ook neer by die toesighoudingsproses tydens, en voorwaardes vir, opleiding sowel as die vereistes vir die behoud van bedieningsbevoegdheid, soos deur die kerkverband daargestel.

Ek onderneem:

- Om verantwoordelikheid te neem vir my geestelike, liggaamlike en psigiese gesondheid.
- Om getrou te bly aan my kerk en roeping en om met groot omsigtigheid en ywer hieraan te werk en in die geloof te volhard.
- Om indien daar ten enige tyd twyfel by my ontstaan oor sake soos roeping, geloof of oortuiging, ek met die nodige erns en omsigtigheid gesprek sal voer met my begeleiers.

Ek belei dat ek glo dat God my geroep het om opgelei te word met die oog op legitimisasie in die Nederduitse Gereformeerde Kerk.

Geteken op hierdie dag van20.....

te

.....
Kandidaat

.....
Getuie

.....
Getuie

VORM 1A (SOOS AANGEPAS DEUR KZN 2010)

Vrae wat deur die predikant met jou in behandeling geneem gaan word.

Gebruik aparte papier om hierdie afdeling te beantwoord. Die vrae moet verkieslik in A4-formaat gedruk wees en nie langer as 'n halwe bladsy per antwoord nie.

1. Beskryf jousef as persoon en vertel vir ons jou lewensverhaal.
2. Verduidelik kortliks hoekom jy graag as predikant van die NG Kerk opgelei wil word.
3. Gee 'n kort verduideliking van wat jy glo. Vertel vir ons veral van jou geloof in die Vader, die Seun en die Heilige Gees
4. Wat beteken dit vir jou om 'n lidmaat van jou plaaslike NG Gemeente te wees?
5. Beskryf hoe jy jou lewe saam met God beleef en uitleef. Vertel oa vir ons van jou geloofsekerheid en jou ervaring van die teenwoordigheid en die genade van God.
6. Wat verwag jy van die bediening as predikant? Wat in die lewe van 'n gemeente maak jou opgewonde? Waarvoor is jy skrikkerig in die bediening?
7. Vertel van die gawes wat die Here vir jou gegee het. Waar dink jy is daar geleentede vir groei by jou?
8. Wat dink jy is die kerk se taak in die wêreld?
9. Wat doen jy om jousef geestelik, emosioneel en fisies gesond te hou? Hoe versorg jy jousef op hierdie gebiede?
10. Watter stokperdjies beoefen jy en waarvan hou jy op hierdie stadium die meeste?
11. Hoe beplan jy gaan vir jou studies betaal word?
12. As 'n mens sou sê: "Iemand is geroep om 'n predikant te wees," wat, dink jy word daarmee bedoel?